

**6 November**

**Verootmoediging as antwoord op beproewinge**

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 32:24-33**  
**Fokusgedeelte: 2 Kronieke 32:26 (OAV)**

Alle moeilike en swaar omstandighede, soos byvoorbeeld siekte, is nie altyd eenvoudig af te maak as die gevolg van net sonde nie. In Johannes 9 het Jesus aan sy dissipels duidelik gemaak dat die blinde man nie blind is vanweë sy sonde of die sonde van sy ouers nie, maar die werke van God moet in hom geopenbaar word.

By koning Hiskia (hier genoem Jehiskia) word dit duidelik gestel dat God hom op die proef gestel het om te weet wat in sy hart was (vs 31). God het sy geloof getoets. Om jou geloof te bely, is een ding, maar dit is totaal iets anders as jou geloof beproef word. Geloof beteken om volhardend op die HERE te vertrou en dan ook nederig alle eer aan Hom te gee. Hiskia het in moeilike omstandighede op die HERE bly vertrou, maar daarna telkens voor die oë van die nasies in hoogmoed geval. "Elke hoogmoedige van hart is vir die HERE 'n gruwel; sekerlik, hy sal nie ongestraf bly nie" (Spr 16:5).

Hiskia word dodelik siek. Dit word 'n ernstige toets. Hy het egter tot die HERE gebid en bitterlik geween (2 Kon 20:2-3). Hiskia het hom sodoende verootmoedig in die hoogmoedigheid van sy hart.

Hoogmoed is uiters gevaarlik, dit lê soms weggesteek diep in jou hart. God se beproewinge mag dit kom blootlê. Ook vir jou is daar die genade om in Jesus Christus biddend tot God te nader met diepe berou van al jou hoogmoed. Jesus Christus bid ook self vir sy volgelinge sodat hulle in beproewinge staande kan bly (Luk 22:32).

*Sing: Psalm 119:25*

*Ds. SA Cilliers (Waterberg)*